justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (7/15)

*Justin Chadwick (6 Maart 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "If we wish to make a new world we have the material ready. The first one, too, was made out of chaos" Robert Quillen***

## DIE KAAPSTAD FIETSTOER (Voorheen bekend as die Argus Fietstoer)

Sterkte aan almal in die sitrusfamilie wat op Sondag aan die Kaapstad Fietstoer gaan deelneem – ongelukkig is dit verkort na die vernietegende brande wat deur die Kaapse Skiereiland gewoed het. Laat my asseblief weet hoe julle gevaar het sodat ek jul in volgende week se brief kan gelukwens. Vir daardie motoriste wat aan fietsryers plek gee – baie dankie. Aan diegene wat dit nie doen nie – weet jul hoe vreesaanjaend is dit as 'n motor so naby jou ry as jy op 'n fiets is? Een verkeerde beweging weens 'n slaggat of hindernis en daardie gaping is weg – so alvorens iemand in die hospitaal en die ander persoon in die tronk opeindig – gee genoeg plek aan die fietsryer selfs al sal dit beteken dat jy moet wag.

## "THE FRUIT INDUSTRY VALUE CHAIN ROUND TABLE (FIVCRT)"

Die konsep van die "value chain round tables" is deur DAFF ingestel as 'n manier om al die rolspelers in die waardeketting rondom 'n tafel te kry om die uitdagings wat die bedryf in die gesig staar, te bespreek en op te los. Die vrugtebedryf het via "Fruit South Africa (FSA)" versoek dat 'n FIVCRT in Augustus 2013 saamgestel moet word met die eerste vergadering wat op 28 Februarie 2014 gehou is. Die FIVCRT se voorsitterskap word deur DAFF en FSA gedeel en daar is verteenwoordigers van DAFF, bedryf, PPECB, thedti, Departement van Arbeid, Vakbonde en NAMC. Die werk van die FIVCRT word deur die "Fruit Industry Social Compact (FISC)" gelei, wat 'n ooreenkoms tussen die regering, bedryf en arbeid is. Die FISC verdeel die aktiwiteite van die FIVCRT in vyf hoofstrome, elk met sy eie komitee en sameroeper. Die vyf strome is transformasie (sameroeper Anton Rabe van HORTGRO); hulpbronne (sameroeper Anton Kruger van FPEF); indiensneming en werkerswelstand (sameroeper Nosey Pieterse van BAWSI); navorsing en ontwikkeling (sameroeper Willem Bestbier van SATI) en Handel (sameroepr Justin Chadwick van CGA).

Die Handelswerksgroep sluit verteenwoordigers van die bedryf, DAFF, thedti, PPECB en NAMC in. Die prioriteitsareas wat deur die werksgroep geïdentifiseer is, sluit tariewe, uitbreiding van toegang na Asië, kapasiteit om marktoegang se uitdagings te hanteer en bewusmaking/markontwikkeling in. Die werksgroep is nou besig om aksieplanne om die prioriteite aan te spreek te ontwikkel, baie daarvan is reeds aan die gang.


Die indiensneming en werkerswelstand se werksgroep het ver gevorder met die ontwikkeling van 'n dispuut resolusie meganisme wat tot stabiliteit in die werksplek sal lei. Tydens die laaste FIVCRT, wat deur die CCMA bygewoon is, het hul 'n voorstel vir implementering van so 'n meganisme voorgelê.

## SITRUS SUMMIT – BEGIN VOLGENDE WOENSDAG

Op Sondag wanneer duisende fietsryers rondom die Kaapse Skiereiland gaan ry, gaan ek en John Edmonds my motor met baniere, geskenke, programme, sakke en alle soorte van toebehore pak vir die Sitrus Summit – voor ons begin met die lang trek na Phalaborwa. Ons sal 'n welkome oornagstop hê by Stuart Geldenhuys in Swaziland (dankie, Stuart), voor die finale tog op Maandag.

Aan die 250 afgevaardigdes wat die Summit gaan bywoon, kan ons sê dat alles goed verloop – en dat daar nog 'n paar plekke beskikbaar vir laatkommers is, so as jou dagboek jou toelaat om dit by te woon, laat ons weet. **TRANSNET** is nou ook deel as 'n silwer borg, sluit aan by **STANDARD BANK** (Platinum Borg), **FPT GROEP** (Goue borg) en **GRANOR PASSI en PPECB** (beide brons borge). Volgens Fanie "Bobby Locke" Meyer kan hy gholfers akkommodeer tot en met afslaantyd op Dinsdag, die 10de; terwyl MC, Hannes en Hennie 'n paar voertuie gereed het om sitrusproduksie in die Letsitele en Hoedspruit areas ten toon te stel.

Soos verwag is die meeste afgevaardigdes van die Limpopo provinsie, maar daar is 'n groot groep wat die reis vanf die Republiek van die Wes-Kaap aanpak asook van Setlaarsland (Oos-Kaap).




Ons gaan iets nuuts by die Summit hierdie jaar probeer – tydens die sessies kan vrae via sms aan die volgende nommer gestuur word – **082 509 0302**; dit sal keer dat daar met mikrofone vorentoe en agtertoe gehardloop moet word. "Save" hierdie nommer nou op jou selfoon.

In werklikheid hoekom wag tot by die Summit, en hoekom dit net beperk tot afgevaardigdes – as jy 'n dringende vraag vir CGA het en dit by die Summit wil vra – sms jou vraag enige tyd.